Gee aan ons vandag ons daaglikse brood

“People will not look forward to posterity who never look backward to their ancestors.” – Edmund Burke

Gee ons vandag ons daaglikse brood

R. C. Sproul vertel die verhaal. Na die Koreaanse oorlog was daar ‘n groot aantal wesies. Ons sien dit na meeste konflikte. In Korea het bystandsorganisasies ingekom om die probleme van hierdie groot getalle weeskinders te hanteer. Baie van hierdie kinders beland in kinderhuise.

Baie gou sien die bystandswerkers dat daar ‘n probleem met die kinders is. Hulle kry drie maaltye per dag, maar as hulle saans gaan slaap, is hulle bang en slaap moeilik. Hoekom? Na lang gesprekke met die kinders blyk dit dat die kinders bang was dat daar die volgende dag geen kos sou wees nie. Hoe nou gemaak? By een van hierdie kinderhuise besluit die werkers om elke aand in elke kind se hand ‘n sny brood te plaas. Hulle was nie veronderstel om die brood te eet nie – die kinders het dit styf in hulle handjies vasgehou – vir hulle was dit ‘n soort “veiligheidskombers.”

Dit herinner hulle daaraan dat daar voorsiening vir elke maaltyd gemaak is. Dit was gou duidelik dat die kinders se vrees verdwyn het en dat hulle beter begin slaap het.

Ook ons word vertroos as ons weet dat aan ons fisiese behoeftes voldoen word – dat ons brood het. *Gee ons vandag ons daaglikse brood* leer ons om na God in nederige afhanklikheid te kom en Hom te vra om dit wat ons nodig het vir daardie dag te voorsien. Ons kan ons behoeftes aan God stel en ons kan vertrou dat Hy sal voorsien.